
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*„Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee . . .'*




*„Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg."*

EERSTE JAARGANG. MAANDAG, 22 DESEMBER 1941. No. 7.

# Antwoord van die Grootraad van die O.B. Insake Aanbod van Dr. Malan.

**As gevolg van 'n aanbod van dr. Malan, het die Grootraad van die Ossewabrandwag of dié aanbod as 'n basis van samespreking die volk, wat aangevul is met sekere verduidelikings, verlede Donderdag byeengekom om te oorweeg kan dien ter verwydering van verwarring onder**

1. Die aanbod van dr. Malan stel in die vooruitsig (a) die samestelling van 'n politieke liggaam met volkome oppergesag wat beleid en aksie sal bepaal vir beide die O.B. en die H.N.P.

(b) Dienooreenkomstige beperking van die uitvoerende magte van die twee andersins selfstandige liggame,

(c) dat aan die hoof van so'n oppergesaghebbende liggaam sal staan die samesteller wat terselfdertyd die leier is van die politieke party met dieselfde magte as dié van 'n eerste minister oor sy kabinet aan wie alleen die lede van genoemde liggaam verantwoordelikheid verskuldig is, terwyl die lede daarvan daarop nie sitting sal neem as verteenwoordigers van enige organisasie nie, hoewel, volgens dr. Malan, „dit vanselfsprekend is dat die Party as die erkende staatkundige front sy bydrae tot die ledetal sal moet lewer."

2. Uit die briefwisseling in verband met die aanbod lei die Grootraad af dat deur tans samewerking met die O.B. te soek dr. Malan erken:

**(a) Die noodsaaklikheid van die bestaan van die O.B. as volksorganisasie soos hy dit ook van te vore gedoen het toe hy op 4 Jan. 1941 te Winburg gesê het: „dat deur slegs 'n politieke stryd ons nie ons volk kan red nie en daar 'n algemene volksorganisasie moet wees, 'n behoefte wat die O.B. vervul," en dus**

**(b) die skadelike gevolge vir die volk en sy bestemming van 'n stryd teen sodanige volksorganisasie, wat ook deur die volk op ondubbelsinnige wyse onderskryf is deur weiering om steun aan die O.B. te onttrek,**

en dat

(c) hy verlang dat die O.B. as die grootste volksorganisasie in die land hom moet onderwerp aan 'n leiding wat sedert Augustus alle relasies met die O.B. verbreek het.

**3. Uit die briefwisseling blyk verder die vertroue wat dr. Malan klaarblyklik nou in dr. Van Rensburg stel, deur sy uitnodiging aan laasgenoemde „om vanaf die aanvang tot sy voorgestelde Nasionale Komitee toe te tree" en om die leier van die politieke party op grondslag van onderlinge vertroue behulpsaam te wees in die verdere samestelling van die komitee. Dit strook dan ook volkome met sy vroeëre verklaring dat „hy geen beter leier vir die O.B. kon gekies het nie."**

4. Ten einde die sukses van die in die vooruitsig gestelde samesprekings te verseker, wil die Grootraad van sy kant sekere voorstelle doen wat na sy mening 'n beter weg aandui vir goeie en standhoudende samewerking tot verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal. As grondslag vir sodanige samewerking wil ons die volgende konstateer:

Hoewel die doelstrewe van volksgenote eners is, is daarin verskeidenheid van openbaring van die volksgevoel wat tot uiting kom in die verskillende organisasies waarin die volk hom groepeer. Die bestaan van verskillende organisasies beteken nie 'n gebrek aan eensgesindheid nie, maar slegs die drang na die konsolidering van volkselemente wat uit hul ondervinding en behoefte besef dat hulle hul beste bydrae tot die gesamentlike stryd kan lewer deur te dien as lid van 'n besondere organisasie. **Die bestaan van verskillende organisasies is 'n teken van kragtiger doelbewustheid en dat die volk geen moontlike wyse van optrede om sy doel te bereik, wil verwaarloos nie. Die bewys van die diepere eenheid van die volk, wat setel in die gemeenskaplike doel, is die feit dat groot getalle aangetrek voel om gelyktydig aan meer dan een, of almal sulke volksorganisasies te behoort.**

Daarom vind ons die volk op sy verskillende fronte saamgetrek onder leiding van dié organisasies wat daartoe die beste voorberei is. Ook word enige organisasie verlam en vrugteloos gemaak indien sy leiding geplaas word in die hande van persone wat buite die organisasie self staan en derhalwe nie die besieling besit om so 'n organisasie tot die grootste mate van diens vir die volk aan te voer nie.

5. Op grond van die voorgaande wens die Grootraad die volgende as aanvulling van en alternatiewe vir die deur dr. Malan voorgestelde basis vir samespreking aan te bied:

(a) Dat 'n komitee, (as so 'n liggaam onontbeerlik mag wees vir samewerking) so saamgestel sal word dat dit gelykmatige verteenwoordiging van die deelhebbende organisasies verseker en sodanige magte toegeken sal word dat geen inbreuk gemaak word op die gebied van en daar geen inmenging sal wees in die interne sake of bestuur van die betrokke volksorganisasies nie, maar dat hul elkeen op sy eie gebied mekaar aanvul in, en 'n bydrae lewer tot, die opbouing van 'n gemeenskaplike beleid en die verwesenliking van die republiek;

(b) dat hierdie komitee homself verder sal uitbou deur die byvoeging van verteenwoordigers van ander organisasies, nasionale persoonlikhede wat die republikeinse doelstelling nastreef en die Kerk;

(c) dat ter voorkoming van moontlike misverstand in die toekoms 'n behoorlike afbakening van die funksies van die verskeie organisasies moet geskied.

6. Indien egter hierdie wyse van samestelling van 'n Nasionale Komitee en die bepaling in bogenoemde voorstel van die selfstandigheidsbeginsel van elke organisasie onaanneemlik mag wees vir die Party, stel die Grootraad voor as 'n alternatiewe grondslag vir samewerking dat die verlangde samewerking verkry en gehandhaaf word deur noue kontak tussen die verskillende besture soos verteenwoordig deur hul leiers wat mekaar in alle sake rakende die volksbelang en strewe sal raadpleeg en dat geeneen van die organisasies enige belangrike aksie rakende die hele volk en sy toekoms sal onderneem sonder voorafgaande onderlinge raadpleging en oorleg nie.

7. Die Grootraad wens by herhaling te bevestig dat die O.B. gewillig is om sy daadwerklike steun en medewerking te verleen volgens die parlementêre optrede wat geskied volgens die beginsel vervat in die Eenheidsverklaring tot die verwesenliking van ons vryheidsideaal en wat die inherente reg van die O.B. erken as dié republikeinse organisasie wat 'n anti-kapitalistiese republiek nastrewe.

Ten besluite wil die Grootraad van die O.B., wie se positiewe pro-Afrikaanse beleid terdeë bekend is, hom nie vereenselwig met enige hulp aan die Empire deur steun te verleen aan enige anti-Duitse propaganda wat onder die voorwendsel van anti-Nasionaal-sosialistiese optrede gevoer word.

Die Grootraad spreek die hoop uit dat die voorgestelde samesprekings tot heil van volk en vaderland sal strek.




**DIE GOEIE HOOP**

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

V I R

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).

*Vra vir Kontrakvoorwaardes.*

Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

**KNOPIES**

Knopies met die kop van die Kommandant-Generaal — Dr. J. F. J. van Rensburg.
Klein — 1/6 elk.
Groot — 2/6 elk.

Knopies met die O.B. Vlag.
1/6 elk.

Bestel van:
Die O.B. Hoofkantoor, Posbus 668,
BLOEMFONTEIN.

**NUWEJAAR!**

*BESTEL ONMIDDELIK*

**SCHOEMANNELO-DRANK**

*VIR DIE*

**FEESTYD**

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

**SCHOEMANNELO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

# *Boodskappe van Hoop te midde van Oorlogsgedreun.*

(Deur dr. E. E. van Rooyen.)

„Toe Jesus op Bethlehem in Judéa gebore is.'' (Matt. 2: 1.)

Die algemene wêreldtoestand is stikdonker. Die swart onheilspellende wolk van 'n tweede Wêreldoorlog oorskadu die wêreld nog steeds. Ook die wêrelddele en volkere wat **nie** regstreeks in die felbrandende stryd betrokke is nie. Vir reeds twee agtereenvolgende Kersfeeste, t.w. dié van 1939 en 1940, lê die onheilspellende wolk al oor die wêreld uitgesprei: En met die Kersfees van 1941 is die wolk nog dikker en swarter. Die verhewiging is veroorsaak deur die jongste oorlogsverklaring wat die Verenigde State van Noord-Amerika en Japan 'n paar dae gelede teen mekaar uitgevaardig het. Daardeur het die nog steeds voortwoedende volkerestryd aan omvang en krag gewin en toegeneem.

Die kersklokke van 1941 sal derhalwe weerklink in 'n nog treuriger en nypender noodtoestand as wat in 1939 en 1940 die geval was. En nou is die vraag wat as vanself oprys: moet dit alles tot algehele pessimisme en wanhoop aanleiding gee? **Seker nie vir die reggeaarde christenmens nie.** Want sy fyngevoelige sielsoor beluister nieteenstaande die ver weergalmende en oorverdowende kanongebulder ook nog andere tone. Dit is die welluidende tone van die aloue kersklokke.

Die gebeier van daardie klokke wek nog steeds nuwe hoop, nuwe moed. Ook in so 'n deur die oorlog verskeurde en swaargeteisterde wêreld soos dié van 1941.

Tot nadere toeligting en opfrissing stip ons hier 'n paar gedagtes oor Kersfees aan:—

## I. DIE GESKIEDKUNDIGE AANVANGSPUNT VAN KERSFEES

**Kersfees** is 'n fees nie van resente datum, van gister of eergister nie. Die historiese feit waaromheen hierdie fees as sy as wentel, was die „Vleeswording van die Woord.'' Of met ander woorde, die verskyning van die ewige Seun van God in menslike gestalte op aarde. Dit het geblyk 'n **diensknegsgestalte** te wees. Hierdie wondere misterie of verborgenheid van die christelike religie het, wat die tyd betref, byna 2,000 jaar gelede sy beslag gekry — **in die krip van Betlehem.** 'n Saak so onpeilbaar diep dat 'n sekere gewyde digter na waarheid as volg daarvan gesing het:—

„Als ik dit wonder vatten wil,
Staat mijn verstand vol eerbied stil,
't Verstomt bij hetgeen het niet doorziet,
'k Aanbid, maar doorgrond het nie.''

## II. DIE UNIEKE KARAKTER OF STEMPEL VAN KERSFEES

Dit lê ingewewe in die magtig-indrukwekkende boodskap van die fees. Wat is die inhoud van die boodskap dan? Uit die hemel, uit Engelemond het dit in onsterflike woorde eenmaal as volg oor hierdie wêreld heen lieflik geruis:— „Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae'' (Luk. 2: 14). Hier het u in een woord **veel in kort be-**

(Vervolg op bl. 3 kol. 1.)

*'N PRESTASIE*

**DIE OPSAALKLUB**

het weer die

**Oujaarsaand-Dans**

in die

**STADSAAL, KAAPSTAD**

Tref vroegtydig reelings vir die bywoning van hierdie Funksie.

Aantal Kaartjies Beperk.

Kaartjies verkrygbaar by Uniewinkels.

**21/- DUBBEL.**

*BRANDWAGTE ! !*

kom

Geniet U Verversings

by die

KARROO KAFEE

WILLOWMORE.

Ondersteun 'n Mede-Brandwag.

Vinnige en Netjiese Bediening.

HELP MEKAAR — STAAN MEKAAR

VOORTREKKER-MOTORKLUB BPK.

**BRANDWAGTE!**

*KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD*

*DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP*

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY ALREEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:

*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**

Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

KNIP DIT UIT

**W. J. DU PLESSIS (EDMS.) BPK.**

POSBUS 108, SENEKAL.

*VEEVOERDERS ONTVANG 1/6 RABAT VAN DIE MIELIE-BEHEERRAAD.*

| | | |
|---|---|---|
| NO. 1 GEGRANULEERDE WIT MIELIEMEEL .. .. | 180 lbs. | 14/- per sak. |
| GEEL MEEL VIR VEEVOER (STRAIGHT RUN) .. .. | 180 lbs. | 11/6 per sak. |
| GEEL BREEKMIELIES .. .. .. .. .. .. .. | 180 lbs. | 12/6 per sak. |
| KOEIMEEL .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 150 lbs. | 7/6 per sak. |

Hierdie pryse is V.O.S. Senekal Stasie.

*Bankkoers moet by Tjeks gevoeg word.*

(Vervolg van bl. 2.)

**stek.** Kragtiger en pittiger kon dit nie saamgevat gewees het nie. In elkeen van die drie kort sinsnedes van hierdie boodskap sit daar 'n wêreld van diepe, pêrelskone en prikkelende gedagtes. Selfs in die ewigheid sal die ryke inhoud daarvan deur 'n geskape, met redebegaafde wese nooit in al sy duiselingwekkende dieptes gepeil en deurgrond kan word nie. Ons bestek laat nie toe om daar verder oor uit te wei nie. Weens die Goddelik-verhewe boodskap dra Kersfees 'n unieke karakter of stempel in die mees eminente sin van die woord.

### III. DIE GODEWELBEHAAGLIKE GEMOEDSTEMMING WAT BY DIE VIERING VAN KERSFEES PAS

Ons het hier veral op die oog dié klas van feesvierders by wie die Engele-boodskap van Betlehem tot die middelpunte van hul sielsbestaan deurgedring en volle melodieuse weerklank in hul binnenste gevind het. Wat moet hul gemoedstemming steeds weer by hierdie eiesoortige fees wees? Dit moet 'n harmonieuse mengeling van diepe **blydskap** en ongekunstelde **dankbaarheid** wees.

Die blydskap wat as 'n welluidende grondtoon in die eerste woord van die Engel aan die skaapwagters van Betlehem getril het: „Moenie vrees nie, want kyk, Ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap" (Luk. 2: 10).

Bedoel is die blydskap oor die voorsegde en lang verwagte koms van die enige Saligmaker van die wêreld. Verder, die **dankbaarheid** wat reeds al in die aanvangswoord van die lofsang van Maria weerklink het: „My siel maak groot die HERE" (Luk. 1: 46). Dit is 'n grootmaking of verheerliking van die naam van die Vader. Dit wortel in opregte dankbaarheid. Dankbaarheid vir die verlossing wat die kindjie van Betlehem deur Sy koms in die vlees, en straks deur Sy soendood en opstanding bewerkstellig het. Dit is 'n verlossing van die **skuld** sowel as die **mag** en die **smet** van die sonde. Groter weldaad aan 'n gevalle mens is nie denkbaar nie.

Ons sluit met al die geagte lesers van hierdie blad toe te wens 'n Kersfeesviering wat gekenmerk sal wees deur sulk 'n **blydskap** en **dankbaarheid.** Dit sal vir hulle 'n hefboom wees tot die bereiking van 'n hoër geestelik-sedelike lewenspeil. Dit sal ook 'n skerpe kragtige prikkel wees tot die voortdurende verrigting van nobele dade: Dade waardeur allereers God verheerlik sal word. En ook eie land en volk en verder die mensheid ten goede sal kom. Mag dit so wees.

### VOORSITTER VAN GROOTRAAD SE BOODSKAP

Kersfees is die fees wat ons herinner aan die groot gawe van God aan die wêreld. Daarin sien ons die hoogste uitdrukking van 'n onbaatsugtige Liefde in die vorm van die aangrypendste en weergalooste offerande. Mag die herinnering aan die groot gebeurtenis ons tot dankbaarheid jeens en toewyding aan God stem. En mag ons daaraan inspirasie ontleen om tot groter offervaardigheid op te klim, in diens van ons God, ons Volk, ons Land Suid-Afrika.

Heil en seën alle Offisier en Brandwagte toegebid.

(Ds. S. J. STANDER, Voors. Grootraad.

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL

**AFRIKANERS LUISTER HIER:—**

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doeltreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

**UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE, Posbus 32, ALEXANDRIA.**

## *Die Komdt.-genl. se Boodskap.*

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, rig die volgende boodskap tot die O.B., tesame met sy heilwense vir 'n Gelukkige Kersfees:

„Die jaar 1941 het die Ossewabrandwag aan een toets na die ander blootgestel, en die een swaarder as die ander. Selfs sy vyande moet erken dat die Ossewabrandwag met vliegende vaandels daaruit gekom het. Dit verdank hy, na die genade van God, aan sy vasberadenheid in diens van die hele Afrikanerdom en van die republikeinse ideaal. Dieselfde vasberadenheid sal hom ook dra deur 1942—die krisisjaar van die Afrikanerdom."

## *Transvaal se Boodskap*

Ons nader die einde van 'n reeds sterwende jaar, waarin die Ossewabrandwag-laer beproewing op beproewing met 'n gestaalde wil weerstaan het. Ja, die einde van 'n jaar waarin die onwrikbare wil van elke Brandwag om vry te word geseëvier het. Laat ons dan gelei deur ons leuse, My God, My Volk, My Land Suid-Afrika, die nuwe jaar tegemoet gaan met nuwe moed en besield met die woorde „Ons sal op die ou fondamente bou, en die puinhope oprig."

Met my beste seënwense vir Kersfees en Nuwejaar.

J. D. JERLING, A.K.G., Tvl.

## *Kaapland se Wense*

Nooit is daar miskien meer behoefte gevoel aan die heerlike en bemoedigende boodskap: „Vrede op aarde en in die mens 'n welbehae" as tans in die rustelose wêreld, bruisende van stryd nie. Daarom wil ons op die laaste skof van die oujaar 'n oomblik uitspan op die trekpad, mekaar die broederhand druk en 'n gelukkige Kersfees toewens en daarby al wat goed is vorentoe op die pad.

Langs hierdie weg dan, in dankbare herinnering aan wat agter die rug is, my hartlike seënwense aan elke Brandwag vir Kersfees en die Nuwejaar, binne die laer van die Ossewabrandwag op die pad van Suid-Afrika.

J. A. SMITH,
Kaapstad. Asst. Kmdt.-genl.

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

*Fondse oorskry £1,500,000.*

**Hoofkantoor:**

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA**

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

## VRYSTAAT SE KERSGROETE

Van 1938 af het daar vir die Afrikaner gekom liefde, hoop en besieling. Die ossewa-trek het die Afrikanervolk 'n nuwe siel en gees gegee. Die Ossewabrandwag is die taak deur die volk opgelê om hierdie liefde, hoop en besieling as ook die nuwe siel en gees van die volk voort te dra, te beveilig en te bewaar.

Nou is 1941 ook verby en gaan die Ossewabrandwag die Nuwejaar 1942 vol vertroue tegemoet. Hoewel ons almal weet dat die komende jaar vol kommer en sorg gaan wees, tog is ons sterk en vol moed. Ons sal altyd vervul wees met die liefde, hoop en besieling van die Ossewabrandwag wat ons deur enige gevare veilig gaan loods met die leiding van Bo.

**Op 31 Mei 1942 eindig die veertigste jaar van die Boerevolk se trek deur die woestyn. Dus wees sterk en vol moed!**

Hiermee wens die 60,000 O.B.-lede van die Vrystaat die ander 200,000 O.B.-lede in die Unie 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe, en roep ons almal saam:

Ons trek, ons trek, ons trek, trek, trek;
die ou jaar uit, die Nuwejaar in,
op die Pad van Suid-Afrika.

C. L. DE JAGER, A.K.G., O.V.S.

## *Sterkte Toegewens uit Natal*

In die jaar wat verby is, het die Ossewabrandwag getoon dat hy 'n deel van die Afrikanerdom se erfgoedere geword het — sy voortbestaan is vir die nageslag gewaarborg deurdat hy alle aanslae op sy lewe nie alleen oorlewe het nie, maar met groter krag daaruit gekom het. Niks sal hom dan ook meer kan vernietig nie, en in die nuwe jaar wat voorlê, sal hierdie organisasie geroepe wees om alles te vernietig wat vreemd en volkskadelik is.

Mag u almal in die nuwe jaar gesterk en gestaal word vir die groot taak wat ons voorlê, die taak van vrymaking van ons volk.

Ontvang daarby ook my beste heilwense vir 'n gelukkige Kersfees.

O. L. NEL, A.K.G., Natal.

## *Boodskap van Mev. Dr. J. S. du Toit*

**Vrou van die Ossewabrandwag,** van jou is al veel geëis. Van jou sal nog meer geëis word in die jaar wat voorlê, want jou volk verkeer in nood. Omdat jy 'n vrou is, omdat jy 'n Afrikanervrou is en bo-al omdat jy aan die gedissiplineerde volksorganisasie, die Ossewabrandwag, behoort, is jy tot enige offer gereed, vir enige diens bereid. My Nuwejaarsgroete en heilwense is dit: Mag liefde en trou jou nooit verlaat nie.

**KERSFEESWYN!**

***BESTEL DADELIK KERSFEESKISSIE No. 5, BEVATTENDE:—***

- 6 GROOT BOTTELS BRANDEWYN en
- 6 GROOT BOTTELS WYN.

*Gelewer by enige stasie in die Unie vir*

**45/-**

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

**GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU**

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

DAGBREEK KARTELS

*word gedra deur*

DEFTIGE DAMES

**Skakel 2-5662**

En Maak U Bestelling

**DAGBREEK**

**Dames Hareversorging-Salon**

*Langmarkstraat 141 KAAPSTAD*

*Langstraat 301*

KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars

Afrikana Voorsieners

'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID

*Foon 3-1393*

KAAPSTAD

**La Belle Alliance**

**Privaat Hotel.**

**DIE AFRIKANER SE TUISTE**

***alle moderne geriewe***

**Billike Terme**

**Eienares: Mev. P. J. RETIEF,**

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

**Kloofstraat, Kaapstad.**

**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

***Raadpleeg Sasbank.***

**PAARL:**

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

**O.B. Musiekbundel**

bevat

22 STUKKE PRAGTIGE MARSMUSIEK

(meestal met woorde) en 'n portret van die KOMMANDANT-GENERAAL.

**Prys 6/- stuk.**

*Verkrygbaar by*

**DIE O.B.-HOOFKWARTIER,**

**Voortrekkergebou 403, Johannesburg.**

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**

Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

***Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad***

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*

***Langstraat 291, Kaapstad***

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

**Beste Heersende Pryse.**

***MINNAAR & VAN SCHOOR.***

**Eienaar: Gustav Retief.**

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**MERINO STOETERY**

**J. H. MOOLMAN.**

MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

**PRYSE BILLIK!!**

## KERSFEESGROETE

Kommandante en Veldkornette F. Gerber, van Middelbrug,-Knysna Kommando, wens ons Kommandant-generaal, Assistent Kommandant-Generaal, Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Laat ons leuse vir die volgende jaar wees:—Saamwerk en Saamtrek op die Pad van Suid-Afrika!

Waar niemand anders help, help Hy,
As almal vlug, staan Hy naby,
In rus en vreugde, nood en stryd,
Volg hy dieselfde al die tyd.

Met beste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar aan alle Offisiere en Brandwagte op die pad van Suid-Afrika, van Genl. Venter, Oos-Londen.

Thomas Theron en gesin, van Sutherland, wens u toe 'n vreugdevolle Kersfees en 'n baie gelukkige Nuwejaar.

Mnr. P. G. Ferreira, Ferreira's Motors, Kirkwood, wens al sy vriende (inne) 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Meneer en Mevrou (Baba) Blanckenberg van Bellville stuur opregte wense vir seënryke Kersfees en Nuwejaar aan alle Afrikanervriende.

Genl. Jurgens Schoeman wens alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Mag, in die nabye toekoms, ons gebede verhoor en ons ideale verwesenlik word.

Die Kommandante, mev. C. W. Basson, van die Vroue-Kommando Stellenbosch, wens alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toe.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

BOTHMA—VOLSCHENK. Aan al ons O.B.-vriende wens ons, Vera en Joubert, albei van Ceres, bekend te maak dat ons verloof is.

### GEVRA

MOTORWERKTUIGKUNDIGE vir plattelandse Garage, eerlikheid 'n vereiste. Stuur volle besonderhede aan **Strydom se Garage, Posbus 1, Barrydale.**

### SOUT

SOUT — Spoorweë gee 50 persent op spoorvrag en 20 persent op Bustariewe afslag aan Boere, ons laai onmiddellik, Super Sneeuwit 40/-, No. 1. Sneeuwit 35/-, Wit Veesout 30/-; per ton. Fyn Bottersout 5/6 per sak 200 pd., kontant met bestelling, tevredenheid gewaarborg. J. A. Venter, Florisbad, Bloemfontein.

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*